MEDIA RELEASE
BY CHRISTIAN DEMOCRATIC ALLIANCE (CDA)

13 OCTOBER 2010

Politieke korrektheid diktatuur van die liberalis
“In haar gereelde rubriek in Die Burger maak die aktivis, Rhoda Kadalie die stelling dat politieke korrektheid die diktatuur van die linkses in Suid-Afrika geword het. Sy bring dit in hoofsaak in die konteks van die kreeftegang en meestal afwesigheid van Suid-Afrikaanse universiteite op die Quacquarelli Symonds-wêreldunivеriteitsranglys. Sy meen universiteite is te besig om aandag te skenk aan politieke korrektheid jeens die regering, in plaas van om te fokus om instansies van akademiese uitmuntendheid te word.

“Ons kan ons breedweg met Kadali se sienings identifiseer; ook dat dit veel wyer as net die kampusse strek,” sê ds. Theunis Botha, leier van die Christen-Demokratiese Party (CDP). “Dit is veral wanneer ‘n politieke filosofie, soos transformasie, breed in die pad staan van grondwetlike bepalings soos taalregte, dat dit kommerwekkend is dat die politieke knie gebuig word. Of, soos me Maria Ramos dit in terme van transformasie en die Curriebeker-borgskap gestel het, wie se brood ‘n mens eet, die se lied sal jy sing.”

“In die proses ly die land se standaarde onherroeplik skade, soos duidelik uit die glibberige weg van die universiteite dui.”

Political correctness the dictatorship of the liberal
“In her latest column is Die Burger, the activist Rhoda Kadali states that political correctness has become the dictatorship of the liberals in South Africa. She focuses mainly on the degeneration of standards at South African universities as reflected in the backtracking or total absence on the Quacquarelli Symonds world university index. She is of the opinion that the universities spend far too much time in pleasing government through political correctness, and too little to being institutions of academic excellence.”

“We basically agree with Kadalie, but we also believe that this problem is much wider than merely with universities,” says Rev. Theunis Botha, leader of the Christian Democratic Party (CDP). “It is especially concerning when a political policy, such as transformation, replaces constitutional principles such as language rights. Or as Maria Ramos said against the back drop of transformation and the Currie Cup sponsorship: He, who pays the piper, calls the tune.

“In the process the country’s standards are being irreprobly destroyed, as is demonstrated by the decline of university standards.”